

Klassieke Feëverhale

Die Drie Klein Varkies



Zondag Lank Gelede

Was daar drie klein varkies. Die varkies het saam met hul ma in 'n klein huisie gewoon.



Toe hulle in die pad af gestap het, het die eerste varkie 'n boer ontmoet wat 'n perdekar vol strooi getrek het. Dit het baie warm gelyk - net reg om 'n huis te bou.

Hy het gevra of hy 'n paar kan kry. Die boer het ingestem en die eerste varkie het sy strooi huisie begin bou.



'n Entjie verder in die pad af het die tweede varkie 'n houtkapper met 'n perdekar vol stokke gesien. Hulle het dik en lank gelyk – net reg om 'n huis te bou.

Hy het gevra of hy 'n paar kan kry. Die houtkapper het ingestem en die tweede varkie het sy hout huisie begin bou.



Die derde varkie het in die pad af gedraf. Ná 'n kort rukkie het hy 'n bouer ontmoet wat 'n kroiwa vol bakstene gestoot het.

Die derde varkie het by homself gedink: 'Hoe sterk lyk daardie bakstene! Ek dink hulle sal 'n uitstekende huis maak.'




So, het die derde varkie die bouer gevra vir van sy bakstene en hy het begin om 'n huis te bou wat sterker en groter was as die ander.




Kort voor lank het al drie varkies 'n huis van hul eie gehad en hulle was almal baie gelukkig.




Toe, eendag, kom 'n groot slegte wolf langs die pad aan gestap. Hy het die eerste varkie in sy strooi huisie gesien. Met 'n bose glinster in sy oog het hy aan die eerste varkie se deur geklop.



“Varkie, varkie, laat my in!” het hy gesê. “Nie by die hare op my kennetjie, ken, ken nie! Ek sal jou nie in laat nie!” het die bang varkie geroep.



“Dan sal ek blaas en ek sal blaas, en ek sal jou huis om blaas!” het die wolf gegrom.




Die wolf het geblaas en hy het geblaas en hy het die strooi huis om geblaas. Die eerste varkie het tot by sy broer se hout huis gehardloop.



Die wolf was gou by die huis wat van stokke gemaak is.
Hy het aan die deur geklop.

“Varkies, varkies, laat my in!” het hy geroep. “Nie by die hare op ons kennetjie, ken, ken nie! Ons sal jou nie in laat nie!” het die bang varkies geroep.



“Dan sal ek blaas en ek sal blaas en ek sal jou huis om blaas!” het die wolf gegrom.



Die wolf het geblaas en hy het geblaas en hy het die huis om geblaas. Die twee varkies het so vinnig as wat hulle kon tot by hul broer se baksteen huis gehardloop.



Die wolf was gou by die baksteen huis. Hy het aan die deur geklop.

“Varkies, varkies, laat my in!” het hy gegrom. “Nie by die hare op ons kennetjie, ken, ken nie! Ons laat jou nie in laat nie!” het die varkies gepiep.



“Dan sal ek blaas en ek sal blaas en ek sal jou huis om blaas!”
het die wolf in sy hardste stem gebrul. Die groot, slegte wolf
was baie kwaad.

Die wolf het geblaas en hy het geblaas, en hy het geblaas en
hy het geblaas, maar hy kon nie die baksteen huis om blaas
nie.



Hy het na die huis gekyk en die skoorsteen gesien. So vinnig soos 'n flits het hy op die dak geklim en is hy by die skoorsteen af.



Maar die groot, slegte wolf was in vir 'n GROOT verrassing! Die derde varkie was besig om sop te maak en daar was 'n groot pot kokende sop op die vuur. Die wolf het by die skoorsteen af gegly en het reg daarin belandPLAS!



Met 'n harde tjank het die dwase wolf uit die pot gespring,
uit die huis gehardloop en is die pad af! Die drie varkies het
hard gejuig.



Die groot, slegte wolf was nooit weer gesien nie en die drie varkies het vir altyd gelukkig gelewe!

Die Einde





THINK

DIGITAL ACADEMY

